

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

20c

Dinsdag 1 Julie 1980

WINDHOEK

Tuesday 1 July 1980

No. 4211

INHOUD:

PROKLAMASIE:

No. 13 Usakos (Uitbreiding 2): Stigtingsvoorwaardes .

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. 122 Dorpsbestuur Bethanie: Wysiging van Elektrisiteitsleweringregulasies

No. 123 Munisipaliteit Karasburg: Wysiging van Elektrisiteitsvoorsieningsregulasies

No. 124 Dorpsbestuur Maltahöhe: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing

No. 125 Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Gesondheidsregulasies

ADVERTENSIES:

PROKLAMASIE

deur die

VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE BLANKES

No. 13 van 1980]

USAKOS (UITBREIDING 2)

STIGTINGSVOORWAARDES

NADEMAAL artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) bepaal dat die Uitvoerende Komitee by ontvangs van 'n kennisgewing van die Registrateur van Aktes dat die bepalinge van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is, die gebied voorgestel op Algemene Plan 289/79 (H.48) by proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot goedgekeurde dorp moet verklaar;

EN NADEMAAL 'n kennisgewing dat die bepalinge van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is deur die Uitvoerende Komitee van die Registrateur van Aktes ontvang is;

CONTENTS:

Page/Bladsy

PROCLAMATION:

No. 13 Usakos (Extension 2): Conditions of Establishment 214

GOVERNMENT NOTICES:

No. 122 Village Management Board of Bethanie: Amendment of Electricity Supply Regulations 216

No. 123 Municipality of Karasburg: Amendment of Electricity Supply Regulations 217

No. 124 Village Management Board of Maltahöhe: Amendment of Electricity Supply Regulations

No. 125 Municipality of Windhoek: Amendment of Health Regulations 218

ADVERTISEMENTS:

221

PROCLAMATION

by the

CHAIRMAN OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF THE WHITES

No. 13 of 1980]

TOWNSHIP OF USAKOS (EXTENSION 2)

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

WHEREAS section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) provides that upon receipt of a notification from the Registrar of Deeds that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with, the Executive Committee shall declare the area represented on General Plan 289/79 (H.48) by proclamation in the *Official Gazette* to be an approved township;

AND WHEREAS notification that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with has been received by the Executive Committee from the Registrar of Deeds;

SO IS DIT dat die gebied USAKOS (UITBREIDING 2) voorgestel op Algemene Plan 289/79 (H.48) hierby kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) tot goedgekeurde dorp verklaar word.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof om stigting van die dorp USAKOS (UITBREIDING 2) toegestaan is, word in die Bylae hierby uiteengesit.

Gegee onder my hand in Windhoek op hierdie die 6de dag van Junie 1980.

A. H. DU PLESSIS

Voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Blankes

BYLAE

STIGTINGSVOORWAARDES

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet USAKOS (UITBREIDING 2)

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 38 erwe genommer 291-309 en 314-332 en strate soos aangedui op Algemene Plan 289/79 (H.48).

3. GERESERVEERDE ERF

Erf 327 word gereserveer vir die doeleindes van die plaaslike bestuur.

4. TITELVOORWAARDES

DIE VOLGENDE VOORWAARDES MOET TEN OPSIGTE VAN ALLE ERWE BUITEN DIE ERF GENOEM IN PARAGRAAF 3 HIERBO, TEN GUNSTE VAN DIE PLAASLIKE BESTUUR TEEN DIE TITELBEWYSE VAN DIE BETROKKE ERWE GEREGISTREER WORD

(a) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word en slegs een woonhuis, ontwerp vir bewoning deur slegs een gesin, tesame met die nodige buitegeboue en toebehore mag daarop opgerig word. Die hoofgebou, waarvan die bouwaarde minstens R10 000,00 moet wees, mag slegs deur een gesin, en die buitegeboue/bediendekwartiere slegs deur die *bona fide*-huisbediendes, wat dienste werklik en uitsluitlik op die erf lewer, bewoon word.

(b) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

NOW THEREFORE under and by virtue of the provisions of section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) the area USAKOS (EXTENSION 2) represented by General Plan 289/79 (H.48) is hereby declared an approved township.

The conditions in terms of which the application for permission to establish the township of USAKOS (EXTENSION 2) has been granted are set out in the Schedule hereto.

Given under my hand in Windhoek on this the 6th day of June 1980.

A. H. DU PLESSIS

Chairman of the Executive Committee of the Whites

SCHEDULE

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. NAME OF TOWNSHIP

The name of the township shall be USAKOS (EXTENSION 2)

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township shall comprise 38 erven numbered 291 309 and 314-332 and streets as indicated on General Plan 289/79 (H.48).

3. RESERVED ERF

Erf 327 is reserved for the purposes of the Local Authority.

4. CONDITIONS OF TITLE

THE FOLLOWING CONDITIONS SHALL BE REGISTERED IN RESPECT OF ALL ERVEN, EXCEPT THE ERF MENTIONED IN PARAGRAPH 3 ABOVE, IN FAVOUR OF THE LOCAL AUTHORITY, AGAINST THE TITLE DEEDS OF THE RELATIVE ERVEN

(a) The erf may be used for residential purposes only and only one dwelling house, designed for occupation by a single family, together with the necessary outbuildings and appurtenances may be erected thereon. The main building of which the minimum building value shall be R10 000,00 may be occupied by one family only, and the outbuildings/servants' quarters by only the *bona fide* domestic servants who render their services on the erf.

(b) It shall not be permitted to drill or excavate for water on die erf.

- (c) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkery, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

“Hinderlike bedryf” beteken vir die doeleindes van hierdie paragraaf enigeen van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

- (d) Buiten met die toestemming van die plaaslike bestuur mag niemand op die erf of enige deel daarvan vir enige doel hoegenaamd, behalwe vir die oprigting van 'n gebou op die erf, enige stene, teëls of erdewerkpype of enige ander artikels van sodanige aard, maak of toelaat dat dit gemaak word nie.
- (e) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape, roofdiere of trekdere mag op die erf aangehou word nie.
- (f) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.
- (g) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheinings, brandmure en spoorlyne) na gelang, mag binne 5 meter van enige straatgrens of binne 3 meter van enige sy- of agtergrens van die erf opgerig word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf is 'n “straatgrens” enige grens gemeenskaplik met 'n straat; 'n “sygrens” 'n grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het; en 'n “agtergrens” enige grens buiten 'n sy- of straatgrens.

- (c) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade may be established or conducted on the erf.

For the purposes of this paragraph “offensive trade” shall mean any one of the businesses, trades, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the Regulations promulgated by Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

- (d) Except with the permission of the local authority no person may make or cause to be made any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature on the erf or any part thereof for any purpose whatsoever except for the purpose of erecting a building on the erf.
- (e) No cattle, pigs, sheep, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals may be kept on the erf.
- (f) There shall be no obstruction or deviation of any natural course of storm water over the erf without the approval of the local authority.
- (g) No buildings or structures or any portion thereof (except the boundary walls, fences, fire walls or railway lines), as the case may be, shall be erected nearer than 5 metres to any street boundary or within 3 metres of any lateral or rear boundary on the erf.

For the purposes of this paragraph a “street boundary” shall be any boundary common to a street, a “lateral boundary” shall be any boundary with at least one end on the street boundary and a “rear boundary” shall be any boundary other than a lateral or street boundary.

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON

Waarnemende Sekretaris: Administrasie vir Blankes

No. 122

1 Julie 1980

DORPSBESTUUR VAN BETHANIE WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSLEWERINGS- REGULASIES

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 14 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie

Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

A. F. van R. MOUTON

Acting Secretary: Administration for Whites

No. 122

1 July 1980

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF BETHANIE AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under and by virtue of the provisions of section 14 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Or-

14 van 1963) die onderstaande wysigings goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 280 van 1976, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 334 van 1976, 187 van 1977, 103 van 1978, 159 van 1978, 87 van 1979 en 2 van 1980.

Vervang die eenheidsheffing in paragraaf 5(a) van Aanhangsel C deur die volgende:

EENHEIDSHEFFING:

1 tot 50 eenhede verbruik R5,00
51 en meer eenhede verbruik, per eenheid 10c

No. 123

1 Julie 1980

MUNISIPALITEIT VAN KARASBURG WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVOOR- SIENINGSREGULASIES

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243(3) van die Munisipale Ordonnansie (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Karasburg by Goewermentskennisgewing 9 van 1958, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 144 van 1970, 69 van 1972, 160 van 1974, 326 van 1975, 220 van 1976, 163 van 1977, 22 van 1978, 267 van 1978, 75 van 1979 en 133 van 1979.

BYLAE

TARIEWE EN HEFFINGS

1. Vervang die bedrag "R0,1225" in paragraaf 5 (a) (ii) deur die bedrag "R0,10".
2. Vervang die bedrag "R0,1275" in paragraaf 5 (b) (ii) deur die bedrag "R0,10".

Nr. 124

1 Julie 1980

DORPSBESTUUR VAN MALTAHÖHE WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISI- TEITSKRAFTVERSKAFFING

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens en ingevolge die bepalings van Artikel 14 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die volgende wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 281 van 1976, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 149 van 1978, 60 van 1979 en 127 van 1979.

Vervang die bedrae "R0,15" en "R15,00" waar dit voorkom in paragraaf 5(a) Tarief 1 van Aanhangsel C, deur die bedrae "R0,10" en "R10,00" onderskeidelik.

14 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 280 of 1976, as amended by Government Notices 334 of 1976, 187 of 1977, 103 of 1978, 159 of 1978, 87 of 1979 and 2 of 1980.

Substitute the following for the unit charge in paragraph 5(a) of Schedule C.

UNIT CHARGE:

1 to 50 units consumed R5,00
51 and more units consumed, per unit 10c

No. 123

1 July 1980

MUNICIPALITY OF KARASBURG AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under and by virtue of the provisions of section 243 (3) of the Municipal Ordinance (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations made applicable to the Municipality of Karasburg by Government Notice 9 of 1958 as amended by Government Notices 144 of 1970, 69 of 1972, 160 of 1974, 326 of 1975, 220 of 1976, 163 of 1977, 22 of 1978, 267 of 1978, 75 of 1979 and 133 of 1979.

SCHEDULE

TARIFF AND CHARGES

1. Substitute the amount "R0,1225" in paragraph 5 (a) (ii) for the amount "R0,10".
2. Substitute the amount "R0,1275" in paragraph 5 (b) (ii) for the amount "R0,10".

No. 124

1 July 1980

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF MALTAHÖHE AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under and by virtue of the provisions of Section 14 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 281 of 1976, as amended by Government Notices 149 of 1978, 60 of 1979 and 127 of 1979.

Substitute the amounts of "R0,10" and "R10,00" respectively for the amounts of "R0,15" and "R15,00" where they occur in paragraph 5 (a) Tariff 1 of Appendix C.

No. 125

1 Julie 1980

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK
WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 285 van 1952, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 40 en 256 van 1954; 117 en 137 van 1955; 259 van 1956; 189 van 1957; 309 van 1958; 14 en 150 van 1961; 203 van 1964; 96 van 1969; 133 en 153 van 1971; 130 van 1972; 18 van 1973; 127 van 1974; 274 van 1976; 70 van 1977 en 193 van 1978, goedgekeur.

BYLAE

1. Regulasie 1 van HOOFSTUK 1 "WOORDBEPALINGS" word soos volg gewysig -

- (a) voeg na die woordbepaling van "Barbiërs- en haarsnyerswinkel" die volgende woordbepaling in -

"Grootmaathouer" beteken vir doeleindes van Hoofstuk VI 'n houer van enige vorm wat deur die Raad voorsien is vir bewaring van huisvullis en 'n inhoudsmaat het gelykstaande aan minstens die gesamentlike inhoudsmaat van twaalf vullishouers."

- (b) voeg na die woordbepaling van "Persoon" die volgende woordbepaling in -

"Poliëtileenhouer" beteken vir doeleindes van Hoofstuk VI en Bylae C 'n poliëtileensak van minstens 1000 mm x 760 mm (albei mate gemeet te word terwyl die houer plat lê) en 38 mikron dikte, in die geval van 'n laedighedsak of 22 mikron dikte in die geval van 'n hoëdigheidsak."; en

- (c) voeg na die woordbepaling van "Openbare gebou" die volgende woordbepaling in -

"Vullishouer" beteken vir doeleindes van Hoofstuk VI en Bylae C 'n silindriese of kegelvormige houer van onbuigbare materiaal wat deur die Raad voorsien word vir die bewaring van huisvullis, toegerus is met 'n noupassende deksel en 'n inhoudsmaat van hoogstens 0,085 kubieke meter het."

2. HOOFSTUK VI "VULLIS" word soos volg gewysig:

- (a) vervang regulasie 1 deur die volgende regulasie:

No. 125

1 July 1980

MUNICIPALITY OF WINDHOEK
AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the amendment as set out in the Schedule hereto of the regulations promulgated by Government Notice 285 of 1952 as amended by Government Notices 40 and 256 of 1954; 117 and 137 of 1955; 259 of 1956; 189 of 1957; 309 of 1958; 14 and 150 of 1961; 203 of 1964; 96 of 1969; 133 and 153 of 1971; 130 of 1972; 18 of 1973; 127 of 1974; 274 of 1976; 70 of 1977 and 193 of 1978.

SCHEDULE

1. Regulation 1 of CHAPTER 1 "DEFINITIONS" is amended as follows:

- (a) insert the following definition after the definition "Barber's and Hairdresser's Shop" -

"Bulk container" means for purposes of CHAPTER VI a receptacle of any shape, which is provided by the Council for the storage of domestic refuse and has a capacity which is equal to at least the total capacity of twelve refuse containers."

- (b) insert the following definition after the definition of "Person" -

"Polyethylene container" means for purposes of CHAPTER VI and Schedule C a polyethylene bag of at least 1000 mm x 760 mm (both measurements to be taken whilst the bag lies flat) and 38 micron thickness in the case of a low density bag of 22 micron thickness in the case of a high density bag."; and

- (c) insert the following definition after the definition of "Public Building" -

"Refuse container" means for purposes of CHAPTER VI and Schedule C a cylindrical or conical receptacle of inflexible material which is provided by the Council for the storage of domestic refuse, is equipped with a close fitting cover and has a capacity not exceeding 0,085 cubic metres."

2. CHAPTER VI "REFUSE" is hereby amended as follows:

- (a) substitute the following regulation for regulation 1:

- “1. (a) Elke bewoner of besetter van ’n woonhuis, openbare gebou of ander perseel moet skriftelik by die Raad om die verwydering van vullis vanaf sodanige perseel aansoek doen.
- (b) So spoedig moontlik na ontvangs van ’n aansoek ingevolge paragraaf (a) voorsien die Raad aan die aansoeker genoegsame vullishouers vir die bewaring, behoudens paragraaf (c), van huisvullis: Met dien verstande dat waar twaalf of meer vullishouers te eniger tyd by enige woonhuis, openbare gebou of ander perseel gebruik word, die Raad elke twaalf vullishouers, of gedeelte daarvan, met ’n grootmaathouer kan vervang.
- (c) Elke bewoner of besetter van ’n woonhuis, openbare gebou of ander perseel moet —
- (i) waar ’n vullishouer verskaf is —
- (aa) in die gebied omskryf in Bylae CA ’n poliëtileenhouer in die vullishouer plaas en huisvullis in sodanige poliëtileenhouer vir bewaring plaas;
- (bb) in alle ander gebiede as die gebied omskryf in Bylae CA huisvullis in ’n vullishouer vir bewaring plaas;
- (ii) waar ’n grootmaathouer verskaf is, huisvullis vir bewaring in sodanige grootmaathouer plaas.
- (d) Elke bewoner of besetter van ’n woonhuis, openbare gebou of ander perseel moet toesien —
- (i) dat elke poliëtileenhouer wat hy verlang verwyder moet word, behoorlik toegebind is;
- (ii) dat die deksels van alle houers te alle tye behoorlik toegehou word, behalwe wanneer huisvullis daarin ingevolge hierdie regulasies vir bewaring geplaas of verwyder word of wanneer ’n poliëtileenhouer vervang word;”;
- (b) voeg die volgende paragraaf by regulasie 2, terwyl die bestaande regulasie paragraaf (a) word:

- “1. (a) Every occupier of a dwelling, public building or other premises shall apply to the Council in writing for the removal of refuse from such premises.
- (b) As soon as possible after receipt of an application, in terms of paragraph (a), the Council shall provide the applicant with a sufficient number of refuse containers for the storage, subject to paragraph (c), of refuse: Provided that the Council may replace any twelve refuse containers or part thereof with a bulk container where twelve or more refuse containers are used at any time at any dwelling, public building or other premises.
- (c) Every occupier of a dwelling, public building or other premises shall —
- (i) where a refuse container has been provided —
- (aa) in the area defined in Schedule CA place a polyethylene container in such a refuse container and domestic refuse shall be placed in such polyethylene container for storage;
- (bb) in all areas excluded in Schedule CA place domestic refuse in a refuse container for storage;
- (ii) where a bulk container has been provided, place domestic refuse in such bulk container for storage.
- (d) Every occupier of a dwelling, public building or other premises shall ensure —
- (i) that every polyethylene container he requires to be removed, shall be securely fastened;
- (ii) that the covers of all receptacles shall at all times be kept close except when domestic refuse is being placed therein for storage or removed therefrom in terms of these regulations or when a polyethylene container is replaced;”;
- (b) insert the following paragraph after regulation 2 whilst the existing regulation becomes paragraph (a):

“(b) Elke bewoner of besetter van ’n woonhuis, openbare gebou of ander perseel moet toesien dat geen voorwerp, materiaal of vloeistof op so ’n wyse vir bewaring in ’n houer geplaas word dat dit die houer kan skeur of andersins kan beskadig of die Raad se werknemers in die uitvoering van hul pligte ingevolge hierdie hoofstuk kan beseer nie.”;

(c) vervang regulasie 4 deur die volgende regulasie:

“4. Alle vullis wat die Raad verwyder is die eiendom van die Raad.”;

(d) vervang regulasie 5 deur die volgende regulasie:

“5. (a) Die Raad verwyder huisvullis —

(i) behoudens subparagraaf (ii) een maal per week in die gebied in Bylae CA omskryf;

(ii) daagliks wanneer die Raad met ’n bewoner of besetter so ooreengekom het; en

(iii) twee maal per week in alle ander gevalle.

(b) Die Raad gee aan die bewoner of besetter deur middel van ’n kennisgewing in ’n nuusblad kennis van die dae en tyd waarop huisvullis ooreenkomstig paragraaf (a) verwyder word.”;

(e) vervang regulasie 6 deur die volgende regulasie:

“6. Die bewoner of besetter van elke woonhuis, openbare gebou of ander perseel moet reël dat elkeen wat namens die Raad vullis verwyder, vrye toegang het tot sodanige woonhuis, openbare gebou of ander perseel en moet elke houer waaruit of waarmee vullis ingevolge hierdie regulasies verwyder moet word op ’n plek wat die Raad van tyd tot tyd vasstel, vir verwydering, neersit.”; en

(f) voeg die volgende regulasie in na regulasie 9 —

“10. Iedereen wat aan enige houer met huisvullis peuter, sonder die toestemming van die Raad, of waar so ’n houer onder die beheer of toesig van die bewoner of besetter van ’n woonhuis, openbare gebou of ander perseel is, sonder die toestemming van sodanige persoon, is skuldig aan ’n misdryf.”.

“(b) Every occupier of a dwelling, public building or other premises shall ensure that no object, material or fluid may be placed for storage in such a way in a receptacle that it can tear or otherwise damage such receptacle or injure the employees of the Council in the execution of their duties in terms of this chapter.”;

(c) substitute the following regulation for regulation 4 —

“4. All refuse removed by the Council shall be the property of the Council.”;

(d) substitute the following regulation for regulation 5 —

“5. (a) The Council shall carry out the removal of domestic refuse —

(i) subject to sub-paragraph (ii) once per week in the area defined in Schedule CA;

(ii) daily when the Council agrees as such with an occupier; and

(iii) twice per week in all other instances.

(b) The Council shall, by means of a notice in a newspaper, notify the occupier, of the day and time upon which domestic refuse will be removed in terms of paragraph (a).”;

(e) substitute the following regulation for regulation 6 —

“6. The occupier of every dwelling, public building or other premises shall arrange for free access to such dwelling, public building or other premises by any person carrying out the removal of refuse on behalf of the Council and shall place every receptacle from which or with which refuse must be removed in terms of these regulations at such a spot as the Council may from time to time require.”; and

(f) insert the following regulation after regulation 9 —

“10. Any person who tampers with any receptacle containing domestic refuse, without the consent of Council, or occupier of a dwelling, public building or other premises, where such receptacle is under the control or supervision of the occupier, shall be guilty of an offence.”.

3. Vervang subparagraaf (a) van paragraaf 1 van Bylae C deur die volgende subparagraaf:

“(a) (i) die verwydering twee keer per week van die inhoud van elke vullishouer:

R4,20 per maand of gedeelte van ’n maand;

(ii) die verwydering een keer per week van poliëtileenhouders met gesamentlike inhoud van hoogstens 0,2 kubieke meter:

R4,20 per maand of gedeelte van ’n maand;

(iii) die daaglikse verwydering van poliëtileenhouders, of die inhoud van vullishouers:

eerste twee poliëtileenhouders of inhoud van eerste twee vullishouers:

’n minimum van R25,10 per maand of gedeelte van ’n maand; en

elke bykomende poliëtileenhouer of vullishouer:

R7,80 per maand of gedeelte van ’n maand.”

4. Voeg die volgende bylae in na Bylae C:

BYLAE CA

“Die gebied binne die Munisipaliteit van Windhoek geleë met uitsluiting van —

1. Alle dorpsgrond (meentgrond) soos omskryf in die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963);
2. Katutura; en
3. Khomasdal.”

3. Substitute the following subparagraph for subparagraph (a) of paragraph 1 of Schedule C:

“(a) (i) the removal twice weekly of the contents of every refuse container R4,20 per month or portion of a month;

(ii) the removal once weekly of polyethylene containers with total contents not exceeding 0,20 cubic metre: R4,20 per month or portion of a month;

(iii) the daily removal of polyethylene containers or of the contents of refuse containers:

First two polyethylene containers or contents of first two refuse containers:

a minimum of R25,10 per month or portion of a month; and

each additional polyethylene container or refuse container:

R7,80 per month or portion of a month.”

4. Insert the following Schedule after Schedule C —

SCHEDULE CA

“The area situate within the Municipality of Windhoek but excluding the following:

1. All townlands (commonage) as defined in the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963);
2. Katutura; and
3. Khomasdal.”

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUID-WES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op ’n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4.30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goeëvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing ten die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R10,40 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 20 c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

Tipe	Tarief
1. Oordrag van besigheid.....	R3,25

NOTIFICATION OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that application will be made at the sitting of the Licensing Court on 23rd July 1980 at Windhoek for the Transfer of the General Dealers Licence held by Saamwerk Distributors (Pty) Ltd.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R10,40 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 20 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

Type	Charge
1. Transfer of business.....	R3,25

trading as Orient House to Friedrich Wilhelm Becker who will trade for his own business under the same name and style on the same premises, namely Erf 285, 49 Kaiser Street Windhoek.

Dated at Windhoek this 23rd day of June 1980.

F. W. BECKER.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof, Landdroskantoor, Mariental, vir die oordrag van die volgende lisensies nl. Algemene Handelaars, Tabak by Kleinmaat en Restaurantlisensie van Michael Martin Charles Howell van die Koffiehuis Restaurant, Erf 32, Marie Brandstraat, Mariental, aan Peter Charles Robert Hayes wat te dieselfde adres onder dieselfde naam besigheid sal doen.

Dateer te MARIENTAL hede die 4de dag van JUNIE 1980.

Oberholzer en Kempen
Prokureurs vir Partye
Posbus 13
Skoolstraat
MARIENTAL
9000

OORDRAG VAN BESIGHEID

Oordrag van Lisensie H. W. v.d. Merwe — Algemene handelaar, patente medisyne, Handelaar in Wapens en Ammunisie. Nuwe houer: Christina Magdalena Swartz.

Oordrag van lisensie Grünau Motors Eienaar H. W. v.d. Merwe Motorhawe, Algemene handelaar, handelaar in Suij- en Mineralewater. Nuwe lisensiehouer: Christina Magdalena Swartz. Sitting van lisensiehof: 2 Julie 1980

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof vir die distrik van WINDHOEK, gehou te Windhoek vir die Oordrag van die Motor Garage Lisensie tans gehou deur JOHAN WELGEMOED op Erf 372/C en wie handel dryf as JOHAN WELGEMOED DIENS EN HERSTEL SENTRUM (EDMS) BEPERK wie op dieselfde adres onder die naam en styl van WELGEMOED DIENS EN HERSTEL SENTRUM (EDMS) BEPERK voortaan vir hulle eie rekening sal handel dryf.

Aldus gedaan en geteken te Windhoek op hede die 10de dag van Junie 1980.

(Get.) R. Olivier
R. OLIVIER & KIE
Prokureurs vir Applikant
Atlantisegebou
Moltkestraat
Posbus 2198
WINDHOEK
9000

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Be pleased to take notice that application will be made at the next sitting of the Licensing Board for the transfer of the General Dealer Licences, (Wholesale and Retail), Baker, Restaurant, Mineral Water, Tobacco, Fresh Produce, Patent Medicine and Butcher licences held by MANUEL DA SILVA BAIROS who trades under the name and style of BELLA VISTA PORTUGUESE MARKET and BAIROS BAKERY on ERF 1780 Tal Street, Windhoek for his own account to ROQUE FERNANDES DO CARMO and FERNANDO LORENCO JOSE who will carry on business at the same premises under the same name and style in partnership.

Dated at WINDHOEK this 16th day of JUNE 1980

H. J. VAN BILJON & KIE
Attorneys for Applicant
6th Floor Craigmyle Building,
Kaiser Street
Windhoek.

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa